**BEKENDSTELLING**

WKOD-werkskedules en Onderwysershandleidings vir graad 4 – 6 is in die eerste kwartaal van 2009 aan skole gestuur. Intermediêre Fase-onderwysers het nog voorbeelde van assesseringstake ontwikkel om verdere steun te bied aan onderwysers. Die werkskedules en assesseringstake korreleer so na as moontlik, bv. as die werkskedule "Assesseringstaak 1, Aktiwiteit 1" aandui, het die boek ook 'n Assesseringstaak 1 met 'n Aktiwiteit 1.

Die agt formele assesseringstake wat deur beleid vereis word, is ingedeel in twee opsies.

In Opsie 1 is vier van die assesseringstake, d.w.s. die eerste een vir elke kwartaal, in twee aktiwiteite verdeel. Hierdie aktiwiteite dek die toepaslike inhoud en die verskillende vorms van assessering. Die oorblywende vier take, d.w.s. die laaste een vir elke kwartaal, is einde-van-die-kwartaaltoetse wat die werk dek wat in die betrokke kwartaal gedoen is.

In Opsie 2 is ses assesseringstake verdeel in ten minste twee aktiwiteite. Aktiwiteit 1 betrek verskillende vorms van assessering, bv. ondersoek-, tutoriaal- en projekassessering terwyl Aktiwiteit 2 'n kort toets is wat die helfte van die inhoud van die kwartaal dek. Dit is van toepassing op kwartaal 1 and 3. Kwartale 2 en 4 het dieselfde formaat as Opsie 1 met einde-van-die-kwartaaltoetse, 'n vereiste vir die Grondslae-vir-leer-veldtog.

Assesseringstaak 8 kan vir hersiening gebruik word voor die Grondslae-vir-leer-veldtogtoets aan die einde van die jaar.

Die Assesseringsprogram wat volg gee verdere duidelikheid oor hierdie twee opsies.

Die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde is weggelaat uit die opskrifte van die take aangesien die take ook elektronies beskikbaar is en onderwysers vrae kan knip en plak en ander vrae byvoeg as hulle dit verkies. 'n Lys van die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde verskyn in die werkskedules om onderwysers in staat te stel om na die werkskedule te verwys en die toepaslike inligting in die memorandums in te tik.

Hierdie assesseringstake moet dien as 'n gids vir onderwysers en sal help om vir hulle 'n idee te gee van die standaard wat vir 'n betrokke graad vereis word.

Die WKOD vertrou dat hierdie take vir onderwysers tot nut sal wees in hulle onderrig.

Kurrikulum: AOO

**ASSESSERINGSPROGRAM VIR GRAAD 6 OPSIE 1 = STEL 1**

| Ass Taak | Kwar-taal | LU | Inhoud | Vorm van Assessering | Tyd | Punte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 1 | LU 1<br><br>LU 2 + 3 | Soos per werkskedule | Aktiwiteit 1.1 Tutoriaal<br><br>Aktiwiteit 1.2 Ondersoek | 40-60 min<br><br>40-60 min | 45<br><br>35 |
| 2 | 1 | LU 1 - 4 | Soos per werkskedule | Slegs toets | 40-60 min | 60 |
| 3 | 2 | LU 2<br><br>LU 1 + 4 | Soos per werkskedule | Aktiwiteit 3.1 Ondersoek<br><br>Aktiwiteit 3.2 Toets / Tutoriaal | 40 min<br><br>2-4 dae | 25<br><br>25 |
| 4 | 2 | LU 1 - 5 | Soos per werkskedule | Slegs toets | 40 - -60 min | 50 |
| 5 | 3 | LU 1 + 5<br><br>LU 1 +4 | Soos per werkskedule | Aktiwiteit 5.1 Ondersoek<br><br>Aktiwiteit 5.2 Ondersoek | 60 min<br><br>60 min | 25<br><br>25 |
| 6 | 3 | LU 1 + 4 | Soos per werkskedule | Slegs toets | 40–60mins | 50 |
| 7 | 4 | LU 3+ 4<br><br>LU 5 | Soos per werkskedule | Aktiwiteit 7.1 Ondersoek / tutoriaal<br><br>Aktiwiteit 7.2 Projek | 40 min<br><br>40 – 60 min | 35<br><br>25 |
| 8 | 4 | LU 1-5 | Soos per werkskedule | Slegs toets | 40-60 min | 50 |

Elke kwartaal sal die gewig van die toets 50% van die kwartaal se punt wees.

In Opsie 1 is vier van die assesseringstake, d.w.s. die eerste een vir elke kwartaal, in twee aktiwiteite verdeel. Hierdie aktiwiteite dek die toepaslike inhoud en die verskillende vorms van assessering. Die oorblywende vier take, d.w.s. die laaste een vir elke kwartaal, is einde-van-die-kwartaaltoetse wat die werk dek wat in die betrokke kwartaal gedoen is.

**ASSESSERINGSPROGRAM VIR GRAAD 6    OPSIE 2 = STEL 2**

| Ass Taak | Kwar-taal | LU | Inhoud | Vorm van Assessering | Tyd | Punte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 1 | LU 1<br><br>LU 1 | Soos per werkskedule | Aktiwiteit 1.1 Tutoriaal<br><br>Aktiwiteit 1.2 Kort toets | 40 – 60 min<br><br>40 min | 25<br><br>30 |
| 2 | 1 | LU 3 + 4<br><br>LU 1- 4 | Soos per werkskedule | Aktiwiteit 2.1 Ondersoek<br><br>Aktiwiteit 2.2 Kort toets | 60 min<br><br>40 min | 35<br><br>55 |
| 3 | 2 | LU 2<br><br>LU 1 | Soos per werkskedule | Aktiwiteit 3.1 Ondersoek<br><br>Aktiwiteit 3.2 Kort toets | 40 min<br><br>40 min | 25<br><br>25 |
| 4 | 2 | LU 1 - 5 | Soos per werkskedule | Toets | 60 min | 50 |
| 5 | 3 | LU 1<br><br>LU 1 + 4 | Soos per werkskedule | Aktiwiteit 5.1 Tutoriaal<br><br>Aktiwiteit 5.2 Ondersoek | 40 min<br><br>30 - 40 min | 25<br><br>25 |
| 6 | 3 | LU 1 + 4 | Soos per werkskedule | Aktiwiteit 6. Toets | 60 min | 50 |
| 7 | 4 | LU 1, 3 & 4<br><br>LU 5 | Soos per werkskedule | Aktiwiteit 7.1 Groep<br><br>Aktiwiteit 7.2 Projek | 40 min<br><br>40 min | 25<br><br>25 |
| 8 | 4 | LU 1- 5 | Soos per werkskedule | Finale toets | 60 min | 50 |

Elke kwartaal sal die gewig van die toets 50% van die kwartaal se punt wees.

In Opsie 2 is ses assesseringstake verdeel in ten minste twee aktiwiteite. Aktiwiteit 1 betrek verskillende vorms van assessering, bv. ondersoek-, tutoriaal- en projekassessering terwyl Aktiwiteit 2 'n kort toets is wat die helfte van die inhoud van die kwartaal dek. Dit is van toepassing op kwartaal 1 and 3. Kwartale 2 en 4 het dieselfde formaat as Opsie 1 met einde-van-die-kwartaaltoetse, 'n vereiste vir die Grondslae-vir-leer-veldtog.